





geïdealiseerde leksikografies-ideologiese vertrekpunte, word voorstelle dan aan die hand gedoen met betrekking tot die leksikografiese hantering van semantiese variasie (ideologiese polisemie) by polities-ideologiese leksikale items.

## 2. Die begrip ideologie

Geoffrey Hughes (1988: 204) meld dat die woord *ideologie* teruggevors is na so vroeg as 1796 en dat dit toe reeds in verskeie akademiese betekenistoepassings voorgekom het. Dit is dus nie vreemd dat die betekenis van dié woord vandag nog steeds vaag en semanties ontwykend is nie. Larrain (1979: 13) vat dit soos volg saam:

"Ideology is perhaps one of the most equivocal concepts one can find in the social sciences; not only because of the variety of theoretical approaches which assign different meanings and functions to it, but also because it is a concept widely used in everyday life with the most diverse significations".

Die volgende betekenisonderskeidings van *ideologie* kom vandag in Afrikaans, Engels, Duits en Nederlands voor (vergelyk onder andere *Van Dale*<sup>12</sup>, *OED*<sup>2</sup>, *Duden* en *WAT*):

1. Die leer wat gemoeid is met die oorsprong, ontwikkeling en aard van idees; ideëleer.
2. Die geheel van idees wat 'n beskouing, teorie of stelsel — van 'n groep of 'n individu — ten grondslag lê en spruit uit 'n oorgeërfde óf stelselmatig opgeboude waardesisteem, veral maatskaplik of polities, maar soms ook kultureel, godsdienstig, ens.; dikwels met 'n ekstremistiese, eensydige of verengende konnotasie, wat hoofsaaklik op andersdenkende groepe of partye van toepassing gemaak word en selde selfbenoemend funksioneer.

1. is waarskynlik die oudste (oorspronklike) en mees letterlike (volledig komposisionele) betekenisonderskeiding van die leksikale item *ideologie*. Dit het egter 'n veel laer gebruiksfrekwensie as 2. wat (in grade van spesialisering) vandag in feitlik alle Germaanse tale as die dominante betekenisonderskeiding beskou kan word.

Die ongemerkte of neutrale variasie (die tipografies ongemerkte deel van 2.) word eksplisiet (óf implisiet) aangetref in bronne oor taalpolitiek en taalbeplanning, byvoorbeeld Kress en Hodge (1979: 6), Roberge (1990: 135), Leatt, Kneifel en Nürnberger (1986: 75) en Steyn (1993: 8). Die gekonnoteerde en gespesialiseerde variasies kom weer veral voor in literatuur van die politieke

en sosiale wetenskappe. Vergelyk onder andere Sills (1968: 66-85) en Olivier (1984: 62-64). Weens die frekwente optrede in politieke diskoerse, polemieke en propagandaliteratuur het die begrip *ideologie* in die algemene omgangstaal sterk geassosieer geraak met die partypolitiek. Naas die pluswaardes [+verengend / diskriminerend] en [+eensydig] het dit ook die semantiese pluswaardes [+polities] en [+vreemdegroepverwysend] gekry. In die omgangstaal verwys mense gewoonlik na waardesisteme (veral sosiopolitieke waardesisteme) waarvan hulle hulle distansieer as "ideologieë" (vergelyk Murphy 1991: 60). Daar moet dus met Larrain (1979: 1) saamgestem word dat *ideologie* "a concept heavily charged with political connotations" geword het.

Weens die verskeidenheid van interpretasies wat aan die term *ideologie* geheg word — en om eenduidig te verwys na "ideësisisteme binne die partypolitieke domein" — word die saamgestelde adjektief *polities-ideologies* geponeer. 'n Polities-ideologiese leksikale item word vir die doel van hierdie artikel gedefinieer as:

'n Leksikale item wat in politieke en populêr-politieke diskoerse voorkom, wat deel uitmaak van 'n netwerk groepspeesifieke simbole en sosiale gedragskodes, en waarvan die betekenis en gebruik gemotiveer word deur een of meer konseptuele skemas berustend op sowel kollektiewe as persoonlike ervarings in politieke kontekste.

Vervolgens word aspekte van die polities-ideologiese leksikon wat relevant is tot die leksikografiese hantering daarvan, oorsigtelik bespreek.

### 3. Die polities-ideologiese leksikon

#### 3.1 Ideologiese verbondenheid

Hughes (1988: 205) maak die bewering dat "Ideology often becomes verbally impacted into social formulas in the course of time". Hiermee word geïmpliseer dat daar "stukke ideologie" is wat as verwysingsraamwerk vir politieke, religieuse en sosiale konsepte dien.

Hierdie preteoretiese waarnemings en gevolgtrekkings strook met die aanname in die kognitiewe semantiek dat alle menslike kennis georganiseer word in terme van geïdealiseerde kognitiewe modelle (voortaan GKM's). Laasgenoemde is modelle wat deur taalgebruikers geskep word om kennis in verband met die wêreld om hulle beter te verstaan, maar meestal nie 'n regstreekse weerspieëling van die objektiewe werklikheid is nie. Hierdie modelle dien egter as agtergrond waarteen die betekenis van leksikale items begryp en geperspektiwiseer word (vergelyk Lakoff 1987: 68 e.v.).

Morfologies komplekse leksikale items soos *volkstaal*, *bevrydingstaal*, *onderdrukkerstaal*, *establishment*, *klassestryd*, ens., word byvoorbeeld nie net gemoti-

veer deur die betekenis van hulle afsonderlike konstituente nie, maar ook deur die GKM "bevrydingsideologie" — 'n ideologie waarbinne (in Suid-Afrika) die proposisie geld dat die *besitlose en maglose massa die legitieme mag en reg het om hulleself te bevry van 'n illegitieme, onderdrukkende en verdrukkende regering* (wat Afrikaans as instrument van groeps- en klasseverdeling misbruik het) en van 'n wit *besittersklas* waardeur werkers uitgebuit word.

Die ideologiese lading van talle leksikale items word versluier agter 'n "onskuldige" komposisionele betekenis, byvoorbeeld *apartheid, groepsgebiede, ontugwet, lokasie en tuisland*. Die konsep ras en die aanname dat verskillende rasse-groepe op Aristoteliaanse wyse kategoriseerbaar is, dien hier as ideologiese model vir die leksikale kategorisering, terwyl nierassige (dikwels nie-ideologiese) konsepte deur die komposisionele betekenis opgeroep word. Hierdie doelbewuste skepping van ideologiese ondeursigtige pseudo-sosiale eufemismes kan semantiese manipulasie (semantic engineering) genoem word (vergeelyk Hughes 1988).

Ten spyte van sulke talige pogings tot "ideologiese ontsmetting" het die betrokke leksikale items spoedig na hulle vorming / skepping in diskrediet gekom by diégene wat regstreeks en onregstreeks daardeur onderdruk en verdruk is. Gevolglik het talle huishoudelike eufemismes van die regerende party die disfemismes van die verdruktes en onderdruktes geword, byvoorbeeld *apartheid* en *lokasie (township)*. Alle pogings tot herversluiering het misluk deurdat die "nuwe" leksikale item feitlik onmiddellik dieselfde pad van pejorering geloop het. Vergelyk byvoorbeeld die volgende sinonieme vir *apartheid*: *afsonderlike ontwikkeling, plurale demokrasie, vertikale differensiasie, multinasionalisme en selfbeskikking*. Hierdie terme is deur die onderdruktes en magloses nooit los geïnterpreteer van hulle metaforiese brondomein, naamlik die apartheidsbeleid van die Nasionalepartyregering nie.

Ongeag dus of die betekenis van 'n leksikale item morfologies óf semanties óf op enige ander sistemiese wyse gemotiveer is, word die gebruik van daardie item (in een van óf al sy betekenisonderskeidings) bykomend gemotiveer deur 'n bepaalde ideologiese raamwerk. *Terroris* word byvoorbeeld gemotiveer vanuit 'n antisosialistiese en antikommunistiese partystandpunt. In teenstelling met *vryheidsvegter* wat 'n bepaalde legitimiteit suggereer, suggereer *terroris* 'n element van kriminaliteit.

### 3.2 Algemene semantiese eienskappe

Faktore soos die oorgang vanaf feodalisme na parlementêre demokrasie, sosialisme en kommunisme, en die gevolglike totstandkoming van propagandistiese politieke retoriek, het daartoe bygedra dat politieke-ideologiese leksikale items semanties vaag en vloeibaar geword het. Gevolglik het die betekenis en selfs

die bestaansreg van talle polities-ideologiese konsepte strydpunte geword (vergelyk Gallie 1962).

Verder het die frekwente gebruik van politieke terme oor die grense van konteks, register en styl heen, veroorsaak dat daar selfs in vakkommunikasie en in die pseudowetenskaplike literatuur ruimte vir meerduidigheid en misverstand ontstaan het. Hierdie proses van vervaging / semantiese uitbreiding is natuurlik deur die media, veral die dagbladpers, versnel en uitgebuit. Hughes (1988: 3) is van mening dat hoe meer frekwent 'n woord in taalgebruik optree, hoe sterker neem sy kontekstuele betekenisuitbreiding toe. Deur herhaalde gebruik op 'n gemanipuleerde wyse heg spesifieke ideologiese betekenisse / waardes hulle op 'n gegewe tydstip in die politieke geskiedenis van 'n taalgroep aan 'n leksikale item. Hierdie betekenisse word dan as deel van die sisteembetekenis van die betrokke woord of uitdrukking geleksikaliseer, sonder dat iemand die hergedefinieerde betekenis ooit uitspel of afgrens (Hughes 1988: 23). Die oorspronklike of komposisionele betekenisse van taaluitdrukings en woorde word selde bewustelik "bygedink" nadat so 'n woord of uitdrukking cliché-status verwerf het.

Volgens Hughes (1988: 217) is dit veral die sogenaamde *-ismes* wat reeds gedurende die laat agtiende eeu in gebruiksfrekwensie begin toeneem het en betekenisuitbreiding ondergaan het. Hulle het na sy mening veral die appellatiewe pluswaardes [+minagting] en [+verkleining] gekry. Die meeste leksikale items wat tot die populêr-politieke leksikon behoort (nie net die *-ismes* nie), het uitbreiding of wysiging ondergaan, dikwels ten opsigte van meer as een semantiese aspek. *Boer* het byvoorbeeld naas leksikaal-semantiese verandering ook pejorisering ondergaan in die gebruik daarvan deur bevrydingsbewustes in die "swart" politiek. Vir talle bevrydingsbewustes beteken dit nie bloot "Blanke Afrikaanssprekende" nie, maar bykomend "wat swart persone verdruk en onderdruk".

Sowel die term *verbicide*, wat deur C.S. Lewis (1960: 7) geskep is om die proses van semantiese uitbreiding by polities-ideologiese woorde te beskryf, as Hughes (1988) se term *zombie words*, wat die resultaat van die proses beskryf, skiet vanuit 'n taalkundige beskrywingsoogpunt te kort. Hierdie terme suggereer dat die betekenisse van polities-ideologiese woorde "leeg" of "vlugtig" is en dat daar geen sistematiek in die polities-ideologiese leksikon teenwoordig is nie. Vanuit 'n gebruikersoogpunt het hierdie terme miskien wel meriete aangesien die gewone taalgebruiker dikwels moeilik onderskei tussen "legitieme", "korrekte", "aanvaarbare" betekenisse; en "illegitieme", "foutiewe", "onaanvaarbare" betekenisse. Die leksikograaf staan egter in die onbenydenswaardige posisie om "werklike gebruik" te weerspieël en om — ten spyte van die semantiese en pragmatiese onvasthede — nogtans "die geeste te probeer skei"; dit wil sê afsonderlike polisemiese onderskeidings óf gebruiksbetekenis in die vorm van definiense weer te gee. Om hierdie doel te verwesenlik is die leksikograaf genoodsaak om heuristiese gereedskap uit die teoretiese taalkunde en uit taalkundige analises te probeer verkry.

### 3.3 Betekenisvariasie by polities-ideologiese leksikale items

#### 3.3.1 Polisemie en gebruiksbetekenis

Hoewel die wysiging van betekenis in die polities-ideologiese leksikon soms as blote vervaging afgemaak word, is daar tog duidelike geleidinge merkbaar:

- (i) Die sentrale deskriptiewe betekenis kan relatief ingrypende uitbreiding ondergaan: *Boer* se betekenis het in swart bendetaal onder andere uitgebrei van "blanke Afrikaner" na "polisieman / geregsdienaar".
- (ii) Periferale aspekte van die betekenis kan wysiging (spesialisering) ondergaan:
  - (a) Deskriptiewe randwaardes kan tot die betekenis toegevoeg word: *Boer* ("Blanke Afrikaner") het in konserwatiewe blanke geleedere gespesialiseer geraak om te beteken "Blanke Afrikaanssprekende persoon wat die behoud van rassesuiwerheid en afsonderlike bestaan van rassegroepe voorstaan". In "swart" geleedere het dit weer gespesialiseer geraak om te beteken "Blanke Afrikaanssprekende persoon wat swart persone verdruk, onderdruk en mishandel".
  - (b) 'n Waardeoordeel of emotiewe betekenis kan as 'n pluswaarde bygevoeg word of 'n bestaande emotiewe waarde kan verander. Die woord *apartheid* het binne die "blanke" middestroom-politiek 'n waardeverskuiwing ondergaan, naamlik van neutraal / melioratief ("afsonderlike ontwikkeling van bevolkingsgroepe") na pejoratief ("gedwonge rasseskeiding en onderdrukking van mense van kleur").
  - (c) 'n Leksikale item (of 'n bepaalde betekenisonderskeiding daarvan) kan nou geassosieer raak met gebruik deur of toepassing op 'n bepaalde ideologiese groepering, byvoorbeeld *Afrikaner-volk* (wat gebruik word deur én toegepas word op "konserwatiewe / regse blanke Afrikaanssprekendes").

Strauss (1986: 68-78; 159) hanteer hierdie geleidinge deur eerstens te onderskei tussen polisemiese onderskeidings en variante gebruike.

'n Leksikale item is na sy mening polisemies wanneer dit:

- (i) variant in verskillende subsisteme van die oorkoepelende taalsistiem gebruik word, byvoorbeeld enersyds in die omgangstaal en andersyds in 'n spesifieke vaktaal: die leksikale item *kapitalisme* word byvoorbeeld

sowel in die populêr-politieke omgangstaal as in die vakterminologie van die staatswetenskappe gebruik;

- (ii) vir dieselfde sprekersgroep verskillende sintakties-distributiewe gebruike het en / of op verskillende semantiese dimensies (klasse van objekte) van toepassing gemaak kan word. Die leksikale item *boer* het byvoorbeeld eensyds betrekking op 'n bepaalde bevolkingsgroep en andersyds op 'n bepaalde beroepsgroep. 'n Mens kan verder by 'n woord soos *sosialisme* minstens drie semantiese dimensies onderskei, nl. 1. (abstrakte) leer ..., 2. (konkrete) sisteem / staat, 3. (abstrakte) maatskaplike beweging / stroming / rigting.

Vir Strauss is 'n polisemiese onderskeiding dus:

"die Menge aller Gebräuche des betreffenden Wortes, die in einer einzigen Kontextklasse möglich sind und ... in der Regel über einen gemeinsamen Oberbegriff identifiziert werden können" (1986: 69).

Betekenis is egter variante gebruike wanneer hulle deur verskillende ideologiese sprekersgroepe verskillend gebruik word of op verskillende sprekersgroepe toepaslik is, maar wanneer hulle sintakties-semantiese distribusie en / of die semantiese dimensie ooreenstem. 'n Gebruiksvariant is dus nie 'n duidelik isoleerbare betekenisonderskeiding nie, maar 'n gebruiksaspek (op die deskriptiewe óf evaluatiewe / konnotatiewe vlak) wat gekoppel kan word aan 'n bepaalde politieke oortuiging, of wat getuig van 'n spreker se identifisering met 'n bepaalde ideologiese kamp of meningsgroep (vergelyk die variasie onder (ii)(c) hierbo).

Vir gebruiksvariasie (met ander woorde variasie binne 'n enkele semantiese dimensie) het Dieckmann (1969: 72) die term *ideologiese polisemie* geskep. Ook Strauss (1982 en 1986) en Hermanns (1982) sluit by hierdie terminologiese gebruikswyse aan en laasgenoemde outeur (1982: 95) definieer ideologiese polisemie as woorde wat

"in verschiedener Bedeutung — gleichzeitig den Sprachen verschiedener ideologischer Parteien angehören."

In hierdie definisie is daar sprake van twee vlakke van variasie, naamlik dié van betekenis en ideologiese groepfokus. Hermanns (1982: 95) bou die definisie uit deur na drie geleidinge in die polities-ideologiese leksikon te verwys, oftewel 'n drieledige tipologie te poneer waarin die volgende kategorieë onderskei word:



- (i) leksikale items met variante deskriptiewe betekenis, maar konstant positiewe evaluering;
- (ii) leksikale items met variante evaluatiewe waardes (positief teenoor negatief), met geen eksplisiete melding van deskriptiewe waardes nie; en
- (iii) leksikale items met variante groepfokus(se) (eiegroepfokus teenoor vreemdegroepfokus) sowel as variante evaluering.

Hoewel Hermanns wys op die variasie binne die raamwerk van ideologiese polisemie is sy tipologie nie van groot heuristiese waarde nie aangesien die onderskeie kategorieë volgens verskillende parameters gedefinieer word en dus nie onderling uitsluitend funksioneer nie. 'n Leksikale item soos *Boer* sou byvoorbeeld onder al drie die kategorieë kon ressorteer.

Wat wel van belang is, is dat die drie belangrikste semantiese veranderlikes waarvolgens die ideologiese inhoud van politieke woorde bepaal word hier figureer, naamlik **deskriptiewe betekenis**, **evaluatiewe waarde** (positief of negatief), en **groepfokus**. Deskriptiewe betekenis en evaluatiewe waarde kan saamgegroeper word onder die noemer "intensie" terwyl groepfokus as 'n aspek van die "ekstensie" van die woord beskou kan word. Hierdie drie fasette van polities-ideologiese leksikale items word vervolgens kortliks bespreek:

### 3.3.2 Dimensies van gebruiksvariasie

#### 3.3.2.1 Deskriptiewe betekenis


Deskriptiewe inligting het volgens Strauss (1986: 70-71; 99) te doen met 'n waar- / valsverhouding tussen betekenis en die buitetalige werklikheid. Strauss se beskouing is egter ietwat objektivisties en moet dalk eerder gerelatief word tot die bewering dat deskriptiewe inligting die semantiese (eerder as die pragmatiese) aspek van betekenis omsluit en meer stabiel (kontroleerbaar) is as ander aspekte van woordbetekenis.

Polities-ideologiese betekenisvariasie impliseer net gedeeltelike deskriptiewe verskille, oftewel deskriptief variante randwaardes. 'n Gemeenskaplike intensionele kern is 'n voorvereiste. *Boer* 1a. ("Behoudende Afrikaanssprekende blanke persoon wat die suiwerheid van die blanke ras voorstaan") en *Boer* 1b. ("Verkrampde Afrikaanssprekende blanke persoon wat swart persone verdruk, onderdruk, mishandel en verkleiner") is dus slegs gedeeltelik deskriptief variant omdat 'n gemeenskaplike intensionele kern, te wete "Afrikaanssprekende blanke persoon" in beide voorkom. In wese gaan dit ook om dieselfde "tipe saak", naamlik 'n *persoon*. *Boer* 2. ("polisieman / geregsdienaar"), wat by uitbreiding ontstaan het, verteenwoordig nie 'n variante betekenis van *Boer* 1. nie, maar 'n ander polisemiese onderskeiding. Daar is van 'n ander tipe saak —

'n subklas van Boer 1., naamlik 'n *geregsdienaar* / *polisieman* (gesien as handhawer van 'n bepaalde beleid van rasseseiding), sprake.

### 3.3.2.2 Evaluatiewe waarde

Evaluatiewe waardes (positief of negatief) en deskriptiewe randwaardes is nou verbonde. In die literatuur (vergelyk onder andere Hermanns 1982 en Strauss 1982) word hierdie twee waardetipes gesamentlik die "appellatiewe betekenis" van 'n leksikale item genoem. Die appellatiewe betekenis en die sentrale deskriptiewe betekenis vorm saam op hulle beurt die intensie van 'n leksikale item, wat skematies soos volg voorgestel kan word:



Wanneer evaluatiewe waardes as deel van 'n leksikale item se geheelintensie geleksikaliseer is, word objektiewe beskrywing (vir sover dit normaalweg moontlik is) sterk gerelativeer en word die kategorisering van referente nog meer subjektief. Volgens Strauss (1982: 45) geld die volgende gebruiksvaardes vir leksikale items met appellatiewe waardes:

"[hulle moet só wees dat sprekers] mit ihnen in einer bestimmten kulturgesellschaftsdeterminierten oder gruppenspezifischen Weise beschreibende und bewertende Kategorisierungen von Wirklichkeit, d.h. Sprach- und Welktklassifizierungen, vollziehen können müssen."

Leksikale items met geleksikalseerde appellatiewe waardes is besonder geskik vir gebruik in populêr-politieke diskoerse. Volgens Good (1987: 6) is die konnotatiewe en interpretatiewe aspekte van betekenis juis die duidelikste by politieke-ideologiese woorde herkenbaar.

Hermanns (1982: 91) noem politieke-ideologiese leksikale items met melioratiewe appellatiewe waardes "Fahnenwörter" en karakteriseer hulle as

"die Wörter einer Parteisprache ... deren Funktion es gerade ist, als parteisprachliche Wörter aufzufallen".

Vaandelwoorde kan na sy mening op twee wyses reaksie ontlok. Hulle kan óf soos 'n huishoudelike kenteken, vlag of vaandel funksioneer, óf soos 'n rooi doek (dit wil sê as 'n afskrikmiddel). Leksikale items soos *vryheid*, (*die*) *mense* (the people), (*die*) *struggle*, (*die*) *volk*, (*die*) *Afrikanervolk* en (*die*) *leier*, *vryheidsvegter* en *kameraad* kan as vaandelwoorde geklassifiseer word.

Daarteenoor noem Strauss (1982) polities-ideologiese leksikale items met pejoratiewe appellatiewe waardes wat ten doel het om 'n opponerende ideologiese groep te verkleineer "Stigmawörter". Stigmawoorde het soos vaandelwoorde ten doel om 'n bepaalde ideologiese standpunt op eksplisiete wyse openbaar te maak, maar met dié onderskeid dat stigmawoorde opponerende ideologieë, hulle verteenwoordigers en hulle doelstellings negatief waardeer. Leksikale items soos *Nazi*, *Neonazi*, *aggressie*, *regime*, *Fascis(me)*, *liberalis(me)*, *terroris(me)* en *verkramp* kan as stigmawoorde beskou word.


### 3.3.2.3 Ekstensie (denotasie en groepfokus)

Strauss (1986: 72) is van mening dat nie net intensionele aspekte van polities-ideologiese leksikale items nie, maar ook ekstensionele aspekte in die beskrywing daarvan weerspieël moet word. Hy verklaar die begrip ekstensie soos volg:

"Die Menge der Gegenstände oder Sachverhalte, auf die die evaluative und deskriptive Bedeutung des Wortes zutrifft, d.h. die der Intension des Wortes in der realen Welt zugeordnet sind, bezeichnen wir als 'Extension' des Wortes".

'Extensionalisierung' verwys in Strauss se terminologie na die "skemas" op basis waarvan sprekers / groepe bepaalde werklikheidsnitte met 'n bepaalde leksikale item assosieer (=sowel klassifiseer as evalueer). Die ekstensionalisering van 'n leksikale item behels onder andere die klas sake (óf spesifieke eksemplare van die klas) waarna 'n leksikale item kan verwys, dit wil sê sy denotasie. Dit behels egter ook of die betrokke woord betrek word op aspekte van 'n onaanvaarbare ideologiese groep of normsisteem (vreemdegroepekstensionalisering) en of dit betrek word op die eie, aanvaarde ideologiese groep en normsisteem (eiegroepekstensionalisering). Murphy (1991) gebruik die term "out-group use" vir eersgenoemde fokus en die term "in-group use" vir laasgenoemde.

Die ekstensie van 'n polities-ideologiese leksikale item kan soos volg voorgestel word:



Betekenisvariasie by polities-ideologiese leksikale items (met betrekking tot al drie die bogenoemde fasette), te wete **periferale deskriptiewe variasie**, **evaluatiewe variasie** en **ekstensionele variasie** (wat sowel denotatiewe variasie as variante groepfokus insluit) word deur Strauss (1986) "innerlexematische Kohyponimie" genoem. Die argument ten gunste van so 'n benaming is dat daar 'n gemeenskaplike betekenskern is wat as superoniem (superordinaat) van die variante aspekte funksioneer.

Op basis van die samehang tussen die bogenoemde veranderlikes by sub-groepe leksikale items binne die polities-ideologiese leksikon poneer Strauss (1986) 'n tipologie van semantiese skemas. Sy tipologie is egter in vele opsigte nie geskik vir die klassifikasie en beskrywing van polities-ideologiese leksikale items in Afrikaans nie. Hoewel sy tipologie as vertrekpunt geneem word, word 'n eiesoortige tipologie van semantiese skemas vir Afrikaanse polities-ideologiese leksikale items geponeer.

### 3.4 'n Tipologie van gebruiksvariasie vir Afrikaans


Die volgende vertrekpunte geld ten opsigte van die voorgestelde tipologie:

- Daar word beoog om 'n oorsigtelike semantiese beskrywing van ideologiese polisemie aan te bied. Slegs gebruiksvariasie binne die bestek van enkele polisemiese onderskeidings word met behulp van semantiese skemas en diagramme verantwoord. Die volgende geleding resorteer hieronder: gedeeltelike deskriptiewe verskille, evaluatiewe verskille, gedeeltelike denotatiewe verskille en verskillende groepfokusse. Leksikale polisemie, waarby omvattende deskriptiewe verskille (byvoorbeeld as gevolg van letterlike en figuurlike gebruik), verskille in funksionele woordklas (byvoorbeeld eienaam vs. vokatief / noemwoord) en registerverskille (byvoorbeeld lekewoord vs. vakterm) voorkom, vorm dus nie die fokus nie.

Leksikale variasie (variante leksikale items om dieselfde saak of entiteit te benoem), oftewel "ideologiese sinonimie" word ook nie volledig behandel nie. Dit word slegs ter sprake gebring waar ideologiese eensydige gebruik van 'n bepaalde leksikale item voorkom.

- Die tipologie het naas sy deskriptiewe oogmerk ook ten doel om riglyne te voorsien waarvolgens leksikografiese voorarbeid aangepak kan word. Die geponeerde skemas kan as sjablone "oor" bepaalde leksikale definisies gesuperponeer word om leemtes of bevooroordeelings uit te wys.
- Slegs die intrinsieke aard van die Afrikaanse politieke leksikon (wat in bepaalde opsigte van politieke-ideologiese leksikons in verwante tale, byvoorbeeld Duits, mag verskil) word skematies verreken.

### DIE TIPOLOGIE



- (1) **Semantiese variante**  
 (1.1) **Konstante evaluering**  
 (1.1.1) **Tweesydigse ekstensie**  
 (1.1.1.1) **Tweesydigse eiegroepsextensie**

**Prototipes:**

*demokrasie, nasie, vryheid*

**Karakterisering:**

In die taalgebruik van groepe A én B word 'n bepaalde leksikale item eiegroepverwysend met identiese, konstant positiewe evaluering gebruik. Die deskriptiewe betekenis verskil egter gedeeltelik in die gebruik van die twee groepe.


**SKEMA 1: vryheid**

	<b>A</b>	<b>B</b>
<b>Deskriptiewe betekenis</b>	Onafhanklikheid	Onafhanklikheid
	van 'n onwettige, nieverteenwoordigende Nasionale-partyregering; reg tot vrye politieke en ekonomiese deelname	van 'n ANC-gedomineerde regering en 'n stelsel van gedwonge integrasie; selfbeskikking
<b>Evaluering</b>	Positief	Positief
<b>Denotasie</b>	'n Verlangde toedrag van sake	'n Verlangde toedrag van sake
<b>Groepfokus</b>	Eiegroepverwysend	Eiegroepverwysend

Bondig kan hierdie kategorie leksikale items **dubbeld eensydige eiegroepverwysende vaandelwoorde** genoem word. Diagrammaties kan die ekstensie van hierdie subgroep soos volg voorgestel word<sup>1</sup>:

<sup>1</sup> Die simbool ✓ word gebruik om positiewe evaluering aan te dui en die simbool X word gebruik om negatiewe evaluering aan te dui.

## DIAGRAM 1



## (1.1.1.2) Tweesydigse vreemdegroep ekstensie

**Prototipes:**

*aggressie, militarisme, geheime agenda, ekstremisme, revolusionêr*

**Karakterisering:**

In die taalgebruik van groepe A en B word 'n bepaalde leksikale item vreemdegroepverwysend met 'n konstant negatiewe evaluering gebruik. Die deskriptiewe betekenis mag in bepaalde gevalle ooreenstem in die gebruik daarvan deur opponerende ideologiese groepe.


SKEMA 2: *aggressie*

	A	B
<b>Deskriptiewe betekenis</b>	Onuitgelokte aanval op of vyandelikheid teenoor 'n ander moondheid, dikwels met die doel om groter gebiedsmag te verkry	Onuitgelokte aanval op of vyandelikheid teenoor 'n ander moondheid, dikwels met die doel om groter gebiedsmag te verkry
	binne 'n kapitalistiese stelsel	binne 'n sosialistiese of kommunistiese stelsel
<b>Evaluering</b>	Negatief	Negatief
<b>Denotasie</b>	Invalle van die SA Weermag in Angola gedurende die sewentiger- en tagtigerjare	Invalle van Kubaanse magte in Namibië gedurende die sewentiger- en tagtigerjare
<b>Groepfokus</b>	Vreemdegroepverwysend	Vreemdegroepverwysend

Leksikale items met tweesydigse vreemdegroep ekstensie kan wisselsydige (weersydse) vreemdegroepverwysende stigmawoorde genoem word en hulle

groepekstensie kan soos volg met behulp van Venn-diagramme voorgestel word:

DIAGRAM 2



### (1.1.2) Eensydige konstante ekstensie

#### (1.1.2.1) Eensydige eiegroepekstensie

##### Prototypes:

*(die) mense, (die) struggle, kameraad, (die) leier, (die) volk, selfbeskikking*

##### Karakterisering:

In die taalgebruik van groep A word 'n bepaalde leksikale item eiegroepverwysend met 'n positiewe evaluering, dit wil sê as vaandelwoord, gebruik. Groep B vermy gewoonlik die gebruik van daardie leksikale item, behalwe in ironiese kontekste, waar dit met 'n bepaalde illokutiewe intensie gebruik word, byvoorbeeld om te skerts of te verkleiner. Gebruiksvermyding kan onder andere veroorsaak word deurdat 'n konsep wat deur 'n bepaalde leksikale item (of 'n bepaalde betekenisonderskeiding daarvan) benoem word slegs binne die realiteit van 'n bepaalde ideologiese groep bestaan, byvoorbeeld *struggle*; óf dit kan wees dat daar 'n ander (meer neutrale) leksikale item bestaan wat deur ander ideologiese groeperings gebruik word. In laasgenoemde geval sou 'n mens kon sê dat een lid van 'n sinoniempaar ideologies gemerk raak en gevolglik spesifiek gereserveer word vir eiegroepgebruik. In werklikheid het 'n mens hier met ideologiese monosemie te doen.




SKEMA 3: *kameraad / comrade*

	A	B
<b>Deskriptiewe betekenis</b>	Benaming/vokatief/titel wat onderling deur lede van kommunistiese of sosialistiese partye/groepe gebruik word	
<b>Evaluering</b>	Positief	
<b>Denotasie</b>	Persoon as lid van 'n bepaalde politieke kamp	
<b>Groepfokus</b>	Eiegroepverwysend	

Die ideologiese ongemerkte of neutrale sinoniem vir die soortnaam *kameraad* sou *partygenoot* kon wees. Laasgenoemde tree egter nie dikwels in 'n vokatiwe funksie of as titel voor 'n eienaam (voornaam of van) op nie. In hierdie sintakties-pragmatiese verband sou 'n titel soos *meneer* of 'n eienaam (byvoorbeeld 'n van) dalk as 'n ideologiese neutrale sinoniem vir *kameraad* (*comrade*) kon dien.

Hierdie groep leksikale items kan gekarakteriseer word as enkele (eensydige) eiegroepverwysende vaandelwoorde en hulle ekstensie kan soos volg met behulp van Venn-diagramme voorgestel word:

## DIAGRAM 3



## (1.1.2.2) Eensydige vreemdegroep ekstensie

**Prototipes:**

(die) *regime*, *onderdrukkersregering*, *verdrukkersregering*, *Fascis*, *apartheidsregering*, *imperialis(me)*, *Fascis(me)*

**Karakterisering:**


In die taalgebruik van groep A word 'n bepaalde leksikale item vreemdegroepverwysend met 'n negatiewe evaluering gebruik. B, dit wil sê die ideologiese groep waarop die leksikale item betrek word, vermy gewoonlik die gebruik daarvan ten gunste van 'n meer neutrale of ongemerkte sinoniem. Hier is ook van ideologiese monosemie sprake.

**SKEMA 4:** *Fascis*

	<b>A</b>	<b>B</b>
<b>Deskriptiewe betekenis</b>	Ondersteuner van 'n ultra-regse, diktatoriale politieke stelsel; óf 'n persoon met sodanige lewensbeskouing.	
<b>Evaluering</b>	Negatief	
<b>Denotasie</b>	'n Spesifieke individu met die gemelde eienskappe	
<b>Groepfokus</b>	Vreemdegroepverwysend	

Die lede van hierdie kategorie kan enkel (eensydige) vreemdegroepverwysende stigmasoorde genoem word en hulle ekstensie kan soos volg geskematiseer word:

**DIAGRAM 4**



**(1.2) Variante evaluering**

**Prototipes:**

*Boer(e), kapitalis(me), sosialis(me), liberalis(me), kommuniste(me)*

**Karakterisering:**


In die taalgebruik van groepe A en B word 'n woord gebruik met groepspe-  
sifieke variante betekenis en evaluatiewe waardes. 'n Komplementêre verhou-  
ding geld op die volgende wyse: Indien groep A die woord gebruik, funksio-  
neer dit eiegroepverwysend EN met 'n positiewe evaluasie, d.w.s dit funksio-  
neer as vaandelwoord. Indien groep B die woord gebruik, funksioneer dit  
vreemdegroepverwysend en bevat 'n negatiewe evaluasie, met ander woorde  
dit word as 'n stigmawoord gebruik. Die deskriptiewe randwaardes verskil  
dikwels van groep tot groep.

**SKEMA 5: kommunisme (abstrakte betekenisonderskeiding)**

	<b>A</b>	<b>B</b>
<b>Deskriptiewe betekenis</b>	Sosio-politieke beweging, gegrand op gemeenskaplikheid van besit en wins, wat 'n klaslose gemeenskap en die diktatuur van die proletariaat as einddoel het,	Sosio-politieke beweging, gegrand op gemeenskaplikheid van besit en wins, wat 'n klaslose gemeenskap en die diktatuur van die proletariaat as einddoel het,
	veral in reaksie op die kapitalistiese stelsel van privaatbesit en die verryking van die burgerstand	met sterk antikapitalistiese en revolusionêre gesindhede wat regstreeks spruit uit Marxisties-Leninistiese leerstellings
<b>Evaluering</b>	Positief	Negatief
<b>Denotasië</b>	Abstrakte entiteit	Abstrakte entiteit
<b>Groepfokus</b>	Eiegroepverwysend	Vreemdegroepverwysend

Dit is moeilik om hierdie kategorie onder 'n gemeenskaplike noemer te plaas weens die variante evaluasie en verspringende groepverwysing wat voorkom. Die leksikale items wat tot hierdie groep behoort, is dus eensyds enkele (eensydige) eiegroepverwysende vaandelwoorde en andersyds enkele (eensydige) vreemdegroepverwysende stigmawoorde. Hulle ekstensie kan soos volg Venn-diagrammaties voorgestel word:

DIAGRAM 5



Vervolgens word 'n kort oorsig gegee van die leksikograaf se posisie met betrekking tot ideologie en die probleme wat ondervind word met betrekking tot die opname en hantering van polities-ideologiese leksikale items. Probleemoplossende voorstelle word dan gemaak op grond van die skemagebaseerde tipologie soos dit hierbo uiteengesit is.

#### 4. Die leksikografiese hantering van gebruiksvariasie by polities-ideologiese leksikale items

##### 4.1 Ideologiese vertrekpunte

Woordeboeke staan onder 'n sosiale verpligting, naamlik om veranderende sosiale waardes te reflekteer. Die dryfveer moet egter nie net "verwydering van sosiale stereotipering" wees nie. Die leksikograaf moet deurentyd die mark in gedagte hou. Daarom moet die waardes wat die produk weerspieël, ontwerp wees om aanklank te vind by hulle wat moontlik in die toekomstige woordeboeke gaan koop. "Up-to-dateness" behels volgens Landau (1985: 265) meer as net "recasting of definitions to exclude old-fashioned diction". Dit behels kulturele verstellings, beïnvloed deur veranderende waardes in die gemeenskap en deur die leksikograaf se persepsie van wat daardie waardes is. Die sosiale gewete van die gemeenskap moet konkreet vergestalt word.

Indien aanvaar word dat daar in elke sprekersgemeenskap (die totaal van alle sprekers van 'n bepaalde taal) verskillende ideologieë bestaan — en leksikograwe dit as hulle etiese plig bekou om ideologies neutraal te bly — sou hulle ten doel hê om geen sosiokulturele gebruikersgroepe in enige opsig doelbewus te bevoordeel of te benadeel nie. Daar sou dus gewaak moes word teen alle vorme van diskriminasie, waaronder elitisme (die verheffing van superstandaardtaal en die kulturele waardes van die hoogste sosio-ekonomiese klasse tot norm), seksisme, rassisme en "ideologisme"<sup>2</sup>. Die handhawing van

<sup>2</sup> Die term **ideologisme** word geponeer om 'n terminologiese leemte te vul binne die nomenklatuurparadigma wat op *-isme* eindig en die volgende skematiese/abstrakte waarde het: "vooordeel of diskriminasie op grond van wat deur die stam genoem

ideologiese neutraliteit is natuurlik geen maklike taak nie. Elke taalgebruiker — ook die taalkundige — is in 'n mate 'n "gevangene" binne die keurslyf van sy politieke, maatskaplike, kulturele en religieuse ervaring en leefwêreld.<sup>3</sup>

Schäder (in Good 1987: 72) beweer dat ook woordeboeke selde heeltemal vry is van eensydigheid. Hy sê:

"Auch wenn die meisten Wörterbücher beteuern ohne ideologische Vorbehalte zu sein, so beweist in manchen Fällen die Worterklärung das Gegenteil".

Wanneer 'n woordeboek doelbewus met 'n bepaalde tradisie wil breek, kan dit egter gebeur dat die eensydigheid bloot na die ander pool van die ideologiese spektrum verskuif word. Die volgende strategieë moet dus verwerp word as valse en onwetenskaplike pogings om wanbalanse te probeer regstel:

- Die weglating van alle leksikale items wat 'n uitgediende beleid of 'n afgelope era verteenwoordig  
Volstruispolitiek, oftewel die onsigbaarmaking van bepaalde diskriminerende of ideologiese gelade leksikale items, dra nie by tot meer voortreflike leksikografie nie. In gevalle waar die leksikograaf wel sy / haar afkeur (as weerspieëling van die hele sprekersgemeenskap se afkeur) teenoor gebruikstoepassings uit 'n vergange ideologiese era te kenne wil gee, sou dit verantwoordelik wees om die uitgediende sosio-politieke leksikale items of betekenisonderskeidings wel op te neem, maar dit duidelik te nuanseer en te perspektiwiseer met behulp van gepaste gebruiksvoorbeelde, etikette en kommentaaruitdrukkings.

In die Afrikaanse leksikografie kan die *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*<sup>8</sup> se hantering van rasterme as voorbeeld genoem word van leksikale "onsigbaarmaking". Deurdadig die samestellers summier alle diskriminerende rasverwysende leksikale items weglaat, kom die deskriptiewe adekwaatheid en verantwoordbaarheid van dié woordeboek egter in gedrang.

---

word". **Ideologisme** is dan: "vooroordeel/diskriminasie van een ideologiese standpunt teenoor 'n ander".

3 Met hierdie bewering word die Whorfiaanse relativisme nie noodwendig onderskryf nie. Eerder word daar, in navolging van Kognitiewe linguïste soos Lakoff & Johnson (1980) en Lakoff (1987) aanvaar dat die kognitiewe toerusting van die mens en sy konseptualisering van die werklikheid grootliks gevorm word deur sy kulturele, politieke, maatskaplike en religieuse ervarings en leefwêreld. Daarmee saam word ook aanvaar dat volkome objektiwiteit (die sogenaamde "God's eye view of reality") nie bestaan nie.

■ **Die blote ideologiese "omkering" van definiense in die guns van die eertyds verdruchte en onderdruchte sprekersgroepe**

Om die geskiedenis van 'n taal en sy sprekers te probeer herskryf deur die manipulasie van leksikale definisies, is nie 'n aanvaarbare praktyk nie. Pogings om 'n nuwe realiteit te skep waarin 'n eertyds onderdruchte ideologie die heersende ideologie word (vergelyk Todenhagen 1987: 175), is geen verbetering op die uitgediende ideologiese partydigheid nie.

Vergelyk hier onder andere Todenhagen (1987) se kritiek op die Russiese eis dat definisies van politieke-ideologiese leksikale items in die *Oxford Student's Dictionary of Current English* herskryf moet word in ooreenstemming met die amptelike Sowjetbetekenis.

■ **Die uitsluitlike opname van sitate wat voorkom in die literatuur van opposisie-groepe (vergelyk Sands 1980-81: 45)**

Die *Wörterbuch der deutschen Gegenwartssprache (WdG)* toon in sy poging om sigbaar met die Wes-Duitse ideologie van die Nazityd te breek byna 'n "Abgrenzungsneurose" (Sands 1980-81: 40). Soos in die voorwoord geëkspliseer, word Nazi-woorde slegs in 'n beperkte mate deur *WdG* opneem "und zwar vor allem dann wenn sie in die antifaschistische Literatur eingegangen sind."

In die geval van Afrikaans sou dit ook nie verantwoordbaar wees om alle ideologiese gelade leksikale items van die apartheidsera summier in te bed in sitate uit die literatuur van die "struggle" nie.

In 'n poging om aan eensydigheid te ontkom, kan 'n leksikograaf natuurlik ook fouteer: 'n Definiens kan so vaag geformuleer word dat die betrokke konsep nie vir die woordeboekgebruiker voldoende afgegrens word nie, óf dat die nuwe gebruiker deur die definiens onwetend in 'n kommunikatiewe slag gat gelei word. (Vergelyk Murphy 1991: 565; Winer 1991: 70; Sands 1980-1981: 44.)

#### 4.2 Semantiese-metodologiese vertrekpunte

Soos reeds genoem, is dit een van die leksikograaf se belangrikste take om die verskillende polisemiese onderskeidings en gebruikstoepassings van 'n leksikale item van mekaar af te grens en van betekenisnommers te voorsien. Robins (1987: 54) druk hierdie sentrale taak van die leksikograaf soos volg uit:

"... he is committed to methodological decision-making. Word forms ... must be serially listed in single or multiple entries, and the meanings given in each entry must be set out in a definite number of semantic subdivisions, principled as far as possible, but in the last resort, arbitrary."

Tensy die skemas wat hierbo geponeer is (of soortgelyke skemas) as semanties-diagnostiese hulpmiddele ingespan word en sistematies betrek word op die formulering van definiense, is hulle bloot van akademiese belang.

'n Tweede metodologiese aspek wat aandag verdien, is die "tesourusbena-dering". Volgens Strauss (1986: 153) is dit vir die saamstellers van 'n woordeboek gerade om eerder die makrostrukturele werkverdeling op 'n semantiese basis te organiseer as op 'n alfabetiese basis. Daardeur word geïmpliseer dat die leksikale items behorende tot 'n bepaalde semantiese klas verkieslik in samehang met mekaar leksikografies bewerk moet word. Die winste van taal-teorieë kan op hierdie wyse sinvol ingespan word in diens van sistematiek en wetenskaplikheid.

Dit is interessant om daarop te let dat resente kognitief-semantiese analises van leksikale betekenis by Strauss se gedagterigting aansluit. Hoewel Moerdijk (1990) toegee dat elke leksikale item 'n eie interne semantiese struktuur het, suggereer hy ook sterk dat bepaalde semanties-pragmatiese patrone, binne semantiese klasverband, oor die grense van individuele leksikale items herhaal word. Die gedagte van 'n tipologie wat op semantiese skemas gebaseer is, oorspan dus in 'n sekere mate die kloof tussen taalteorie en leksikografiese praktyk: Enersyds dra die leksikografiese bruikbaarheid van semantiese skemas daartoe by om die geldigheid van daardie skemas te verifieer. Andersyds kan 'n bepaalde leksikografiese beleid en metodologie verdedig en gesubstansieer word deur verwysing na die taalteorie.

#### 4.3 Leksikografiese hantering van gebruiksvariasie

Strauss (1982: 37) verwoord die belangrikste leemtes rondom die leksikografiese hantering van polities-ideologiese leksikale items soos volg:

"Von ... den ko- und kontextuellen Gebrauchsbedingungen, die der sprecherbezogenen, standortspezifischen oder rahmenabhängigen Verwendung politischer Wörter zur Beschreibung und Bewertung gesellschaftspolitischer Gegenstände zugrunde liegen, wird weder implizit, noch explizit ausreichend Rechnung getragen."

In die volgende paragraaf (met subparagrafe) sal aangetoon word hoe die tipologiegebonde semantiese skemas wat hierbo geponeer is, as heuristiese en diagnostiese instrumente gebruik kan word om gebruiksvariasie by polities-

ideologiese woorde op 'n meer sistematiese en teorie-ondersteunde wyse te hanteer.

#### 4.3.1 Deskriptiewe betekenis

'n Fout wat deur talle leksikograwe begaan word, is om alle ideologiese teenstellings (oftewel teenstrydige deskriptiewe randwaardes) as voorbeelde van dissonansie te beskou en dit eenvoudig weg te harmoniseer. *Wahrig* maak hom aan "ideologiese vaagheid" skuldig deur onder andere die lemma **Demokratie** soos volg te definieer:

Volksherrschaft, Staatsform, bei der ein Staat nach dem Willen des Volkes regiert wird

Daarenteen kan natuurlik ook gefouteer word deur slegs een deskriptiewe randwaarde te definieer en dus in die slaggat van ideologiese eensydigheid te trap. *Duden* definieer byvoorbeeld die lemma **Demokratie 1.a)** met 'n eenduidig Westerse inhoud en bied gevolglik ook eensydige voorbeeldmateriaal aan:

*politisches Prinzip, nach dem das Volk durch freie Wahlen an der Macht-ausübung im Staat teilhat; zu den Prinzipien der D. gehört die freie Meinungsäußerung...*

Sowel die *HAT* as die *WAT* fouteer op dieselfde wyse, naamlik deur byvoorbeeld die lemma **konserwatief** ideologies ietwat eensydig te definieer:

#### *HAT*

**konserwa'tief II** Aan die bestaande toestand geheg, afkerig van ingrypende hervorming; behoudend

#### *WAT*

**konserwa'tief 1.a.** Geneig tot behoud van die bestaande, die gevestigde, tot weerstand teen verandering; veral, in maatskaplike of politieke verband, geneig tot, ingestel, gerig op behoud, handhawing van gevestigde, beproefde instellings, gebruike, opvattinge en afkerig van veranderinge wat nie die gevolg is van natuurlike of logiese ontwikkeling nie, soos skielik verskynende of uitspattige nuwighede, of radikale ingrypings in 'n bestaande bestel; behoudend, behoud(en)sgesind, behoudensliewend.

Veral die sinonieme aan die einde van die *WAT*-definiens weerspieël 'n duidelik eensydige ideologiese perspektief. Ten einde reg te laat geskied aan variante gebruik binne die betrokke betekenisonderskeiding, sou verskillende, afsonderlik genommerde gebruiksonderskeidings afgegrens kon word en van



gepaste sitate voorsien kon word. In kleiner sinchroniese woordeboeke sou die gebruiksonderskeidings binne die bestek van 'n enkele poliseemnommer met behulp van kommapunte van mekaar geskei kon word.

Leksikograwe bevind hulle weliswaar in 'n baie moeilike posisie deurdat dit nie gesonde en sensitiewe leksikografie is om óf net een ideologiese standpunt te verantwoord, óf om "sich so aus die Affaire zu ziehen, dass von den kontroversen Bedeutungen eines Wortes lieber erst gar keine genannt wird" (vergelyk Hermanns 1982: 100). Laasgenoemde strategie, nl. dié van die "gemene deler" is volgens Strauss (1982: 100) die minder wenslike. Ook Good (1987: 7) is van mening dat die versluiering van variante appellatiewe of ideologiese waardes nie aanvaarbaar is nie aangesien 'n woordeboek se hoofdoel is om taalgebruik te beskryf, en om leksikale items nie los van prototipiese sosiale kontekste te beskou nie. Hy merk in hierdie verband die volgende op:

"Middle of the road-definitions raise questions about whose road it is and who decides where the middle is."

Vir die leksikograaf is dit dan gerade om ideologiese polisemie "sigbaar" te maak deur die verskillende ideologies-variante betekenis te ekspliseer en moontlik te kommentaar, hetsy met behulp van 'n sistematiese en goedge-motiveerde etiketstelsel of deur die formulering van metatalige kommentaaruitdrukings wat 'n onderdeel van die definiens uitmaak. Sodoende kan die oë van sowel woordeboekmakers as woordeboekgebruikers geopen word vir die bestaan en die belangrikheid van ideologiegebonde leksikale items en hulle diverse betekenisonderskeidings of subonderskeidings.

#### 4.3.2 Evaluatiewe waardes

Aangesien die appellatiewe waardes van polities-ideologiese leksikale items (die perifere deskriptiewe waardes én die evaluatiewe waardes) dikwels in dieselfde mate as die sentrale deskriptiewe waardes geleksikaliseer (geïnstutionaliseer) is, kan hulle op die vlak van die taalsisteem ("langue") as aparte betekenisvariasies van daardie leksikale items beskou word. Daar moet dus in die leksikografiese praktyk met hierdie waardes rekening gehou word.

Die leksikograaf kan evaluatiewe waardes op verskeie wyses akkommodeer, onder andere in die formulering van die definiens. Wanneer 'n lemma (of betekenisonderskeiding daarvan) 'n stigmapwoord met sterk negatiewe gevoelswaardes is, kan daar byvoorbeeld in die definiens woorde met sterk afkeurende waardes geïnkorporeer word. Daarenteen moet gewaak word teen die insluiting van sulke evaluatiewe woorde in die definiens van betekenisonderskeidings wat nie appellatief gelaai is nie, byvoorbeeld dié van histories-politiese eiename.

In die WAT is die betekenis van die leksikale item *kommunisme* ietwat eenzydig deurdat daar eerstens hoofsaaklik op die vreemdegroep ekstensie (met die gepaardgaande stigmawoordkonnotasies) gefokus is. Selfs die "neutrale" of nie-appellatiewe waarde (betekenisonderskeiding 2.), waar dit eintlik gaan om kommunisme as historiese eienaam, is gedeeltelik gedefinieer in terme van die sterk vreemdegroepverwysende appellatiewe waarde wat as betekenisonderskeiding 3. aangebied word. In die definieëns van 2. is daar byvoorbeeld sprake van onder andere 'n "leer", geskoei op die stellings en geskryfte van Marx en Lenin, wat soms uiting vind in "geweld, opruiing, ondermyning, nivellering ...". Volgens die definieëns kan 3. (onder andere) óók betrekking hê op 'n "leer" wat voortspruit uit kennis van en voorwaardelike steun aan die Marxisme-Leninisme, en in die sitaat word soortgelyke simptome genoem as in die definieëns van 2., naamlik "opstokery", "uitbuiting van griewe", "onluste" en "wanorde". Dit sou ideologies meer sensitief kon wees om eerstens die funksionele woordklasse historiese eienaam en appellatief volkome te skei, en tweedens by die appellatiewe waarde die verskillende ideologies-polisemiese of ideologies variante waardes as onderskeidelik a. en b. aan te bied. Subonderskeiding a. sou dan ooreenstem met die definieëns wat tans in 3. aangebied word (dit wil sê a. sou 'n weerspieëling wees van die gebruik as vreemdegroepverwysende stigmawoord). Subonderskeiding b. sou weer in positiewe terme aangebied moes word (dit wil sê as 'n eiegroepverwysende vaandelwoord).

Waar sterk appellatiewe waardes in die betekenis van 'n leksikale item geleksikaliseer is, sou ook etikette soos (*neerhalend*) of (*beledigend*) gebruik kon word. Heelwat woordeboeke maak trouens reeds van sodanige etikette gebruik by lemmas met stigmawoordkonnotasies. *Duden* voorsien byvoorbeeld onderskeidelik by **Bolschewik 3.** en **Faschismus 2.** die etiket (*abwertend*).

Stigmawoordkonnotasies word ook soms met behulp van langer kommentaaruitdrukkings geëkspliseer. Van Dale GW bied byvoorbeeld by **kapitaal 1.** die volgende definieëns met 'n gepaste poëem aan:

iem. die kapitaal bezit; — iem. die veel geld bezit: (ook als scheldw.)  
*vuile kapitalist!*

Dit is interessant om daarop te let dat die meeste woordeboeke weinig tereg laat kom van positiewe ideologiese evaluasie. Vaandelwoorde word oor die algemeen ongekomentareer gelaat. Die niemarkering van melioratiewe waardes kan moontlik daaraan toegeskryf word dat positief (melioratief) geëvalueerde leksikale items gewoonlik nie fasiliteerders van diskriminasie is nie, maar negatief (pejoratief) geëvalueerde leksikale items wél. Hoewel dit natuurlik moontlik is om positiewe evaluasie met behulp van etikette te ekspliseer, kan die leksikograaf positiewe evaluasie gerieflik impliseer deur woorde met 'n positiewe evaluatiewe waarde te inkorporeer in die definieëns en gebruiksvoorbeelde. In sommige woordeboeke word daar wel op dié impli-

siete wyse rekenskap van positiewe waardering gegee. *Duden* gebruik byvoorbeeld die woorde "durch freie Wahlen" in die definiens van **Demokratie 1a**, sowel as die frase "durch freie Meinungsäusserung" in die gebruiksvoorbeeld. Ook die definiens van betekenisonderskeiding 3. weerspieël 'n positiewe waardering:

Prinzip der freien u. gleichberechtigten Willensbildung u. Mitbestimmung in gesellschaftlichen Gruppen.

'n Ander aspek van evaluatiewe waarde waaraan die leksikograaf volgens McCluskey (1989: 120) moet aandag skenk is dié van intensionaliteit / nie-intensionaliteit. Na sy mening moet daar wegbeweeg word van die Aristoteli-aanse uitgangspunt dat sprekersbedoeling en hoordersinterpretasie perifere aspekte van die leksikografiese definisie is. Taal moet volgens hom al hoe minder beskou word as "a way of categorizing the external world" en al hoe meer as "a transaction between persons". In die geval van stigmawoorde moet daar byvoorbeeld onderskei word tussen spreker- en hoordergerigtheid, oftewel tussen:

- (i) woorde wat bedoel word om 'n persoon, groep, saak of instansie te verkleineer of te diskrediteer, soos byvoorbeeld *Nazi* en *Fascis*;
- (ii) woorde wat weersin kan wek by sommige hoorders of lesers, selfs al was dit nie die intensie van die spreker nie (vergelyk McCluskey 1989: 114). Hierdie verskynsel is veral prominent by rasterme soos byvoorbeeld *jong* ("bruinman"), *outa* en *ousie*.

Die variante deelnemersrolfokos van stigmawoorde kan deur 'n woordeboek se etiketstelsel ondervang word, deur byvoorbeeld aparte etikette vir (i) en (ii) onderskeidelik te gebruik en hierdie gebruik in die toeliggende aantekeninge te verklaar. *Collins English Dictionary* volg hierdie praktyk. In die toeliggende aantekeninge word die volgende onderskeidings onder die hoof usage labels aangebied:

*offensive* This label indicates that a word may be regarded as offensive by the person described or referred to, even if the speaker uses the word without any malicious intention.

*derogatory* This implies that the connotations of a word are unpleasant with intent on the part of the speaker or writer.

Leksikografiese kommentaaruitdrukkings wat byvoorbeeld tipografies van die definiens afgegrens word, sou ook hierdie funksie kon vervul. Die definiens van 'n lemma of betekenisonderskeiding waarby die appellatiewe waarde nie-intensioneel (onopsetlik) is, sou byvoorbeeld ingelei of afgesluit kon word deur

'n tipografies gemerkte kommentaaruitdrukking soos "*dikwels as vernederend ervaar*." 'n Kommentaaruitdrukking sou ook die voordeel kon hê dat dit meer buigsaam as 'n etiket is en vir die woordeboekgebruiker onmiddellik toeganklike en genuanseerde gebruiksinligting voorsien.

Daar kan natuurlik ook geargumenteer word dat die deelnemersrolfokus dikwels uitsluitlik van die betrokke linguistiese en buitelinguistiese konteks afhang en dat 'n sowel gedetailleerde etiketstelsel as 'n stelsel van genuanseerde kommentaaruitdrukkings te kragtig is. In die geval van regionale persoonsbenaminge soos *Woltoon, Vaalpens, Kaaskop, Rooinek* ens., asook ander ideologies gelade uitdrukkings soos *agtergeblewe, derdewêreld*, en *plakker* sou die appellatiewe fokus byvoorbeeld óf die intensie (eskpressie) van die spreker óf die interpretasie van die hoorder kon wees. In gevalle waar die deiktiese fokus nie sterk geleksikaliseer is nie, moet liefse geen etiket of ander kommentaaruitdrukking aangebied word nie, maar moet eerder gebruiksvoorbeelde opgeneem word wat beide fokusvariasies weerspieël. (Vergelyk ook McCluskey 1989: 117.)

### 4.3.3 Ekstensie

Afrikaanse woordeboeke gaan oor die algemeen mank aan verwysing na die ideologiese raamwerk waarbinne die leksikale item gewoonlik optree, selfs waar ideologiese monosemie ter sprake is. Soms word die raamwerk wel geïmpliseer via die melding van opposisionele ideologiese raamwerke in die definiens of in die voorbeeldmateriaal. WAT impliseer byvoorbeeld met behulp van die superordinaat *Kommunisme* tot watter ideologiese kader die lemma **Bolsjewisme** behoort:

Die Russiese *Kommunisme* wat die diktatuur v/d proletariaat beoog deur middel van arbeiders- en boererade (sowjets)  
(outeur se kursivering)

Ook in die geval van **Fascisme 1** in WAT vorm die ideologiese situering deel van die betekenisverklaring. Hier geskied dit egter by wyse van verwysing na opposisiebegrippe soos *liberalisme*, *Bolsjewisme* en *kommunisme*, en deur die gebruik van die adjektief "radikale" in die definiens:

Nasionalistiese politieke beweging in Italië om alle radikale elemente soos *liberalisme*, *Bolsjewisme* en *kommunisme* in die land te bestry, wat in 1919 i/d lewe geroep is toe Benito Mussolini a/d bewind gekom het.

Woordeboeke gebruik ook soms gehakeerde leksikografiese kommentaar om 'n bepaalde leksikale item ideologies te situeer. Van Dale GW situeer betekenis-

onderskeiding 1. van Fascisme byvoorbeeld ideologies deur 'n opposisiebegrip as eksplisiete leksikografiese kommentaar tussen hakies te voorsien:

politiek sisteem berustend op ultranationalistiese korporatistiese, autoritaire en onverdraagzame (met ander woorde antikommunistiese) beginselen;

Waar daar van sterk gespesialiseerde groepfokus sprake is, byvoorbeeld by die konkrete betekenisonderskeiding van die leksikale item *demokrasie*, kan 'n genus-differentia-definisie aangevul word deur 'n voorbeelddefinisie ('n "byvoorbeeld"-inskrywing). Die gebruiksvariant *burgerlike demokrasie* sou byvoorbeeld toegelig kon word deur verwysing na spesifieke lande soos die VSA, Groot Brittanje en Frankryk. Waar die gebruik nie aan spesifieke prototipiese referente gekoppel kan word nie, kan die gebruiksvoorbeelde ter verheldering van ideologiese variasie dien, byvoorbeeld in die geval van die lemma *aggressie* (vergelyk SKEMA 2 hierbo).

Voorbeeldmateriaal met betrekking tot groepfokus moet egter met groot omsigtigheid deur die leksikograaf hanteer word. Daar moet byvoorbeeld verkieslik nie sitate of poëme voorsien word wat in terme van groepfokus met die definies bots óf wat nie ooreenstem met die prototipiese groepverwysing in die omgangstaal nie. *WAT* struikel in hierdie opsig by die bewerking van betekenisonderskeiding 4. van die lemma *kameraad* deurdat minstens twee uit die drie sitate die minder prototipiese vreemdegroep-toepassing illustreer. Selfs die redelik neutrale sitaat "Kameraad K. omhels kameraad G" klink eerder na verslaggewing as werklike solidariteit-bevestigende eiegroepgebruik.

#### 4.3.4 Implementering van die volle sjabloon

In paragraaf 3. is gesuggereer dat die leksikograaf die geponeerde semantiese skemas en die Venn-diagrammatiese abstraksies as sjablone kan projekteer op polisemiese onderskeidings van polities-ideologiese leksikale items waarbinne gebruiksvariasie voorkom.

Ten einde te illustreer dat sodanige projeksies veel heuristiese waarde het, word die lemma *kapitalisme* in *WAT V* onder die soeklig geplaas:

**kapitalisme.** Maatskaplik-ekonomiese stelsel gekenmerk deur private besit van produksiemiddele wat as kapitaal 'n bron van inkomste vir die besitter is, waarby beleggings plaasvind by private besluit en nie as gevolg van staatsbeheer nie en waarby produksie en verspreiding van goedere op 'n vrye mark bepaal word; maatskaplik-ekonomiese produksie- en verdelingstelsel, i/d algemeen gekenmerk deur 'n vinnige toename i/d materiële produksiemiddele, dus i/d kapitaalrykdom, en daarmee i/d materiële welvaart; kapitalistiese stelsel: *Die belangrikste eienskappe v/d kapitalisme is die reg van privaatbesit en die vryheid v/d individu (Van Niekerk-Brand-Joubert). In baie lande is „nasionalisasie” ’n ideologiese vraag wat in nou verband staan m/d stryd tussen kapitalisme en sosialisme of kommunisme (J. E. Holloway). Dit is ook hoog tyd dat daar in dié rigting iets gedoen word, want die stryd om bestaan word al moeiliker, te meer nou dat die vyand van arbeid—die kapitalisme—ook in Suid-Afrika sy verskyning gemaak . . . het (M. T. Steyn, vertaald). Ons moet werk om die handel te bevorder, ons moet werk teen kapitalisme as dit vir politieke oogmerke en persoonlike belange misbruik word, maar ons moet daardie kapitaal aanmoedig waar dit beskikbaar gestel word om die bronne v/d land te ontwikkel (M. T. Steyn, vertaald). Dis die enigste deel wat tot dusver die lig gesien het van ’n trilogie waarin die skrywer die rustige*

*agrariese lewe, die ontdekking van goud en die triomferende intog v/d kapitalisme wil teken (A. P. Grové). Industriële kapitalisme, kapitalisme sedert die Nywerheidsomwenteling en onderskei in laissez-fairekapitalisme, hoë kapitalisme en laatkapitalisme. Hoë kapitalisme, tweede stadium v/d industriële kapitalisme (tussen laissez-faire- en laatkapitalisme), waarby sentralisasie van kapitaal uit verskillende bronne, konsentrasie van bedrywe, trust- en kartelvorming en monopolistiese grootondernemings (gew. internasionaal georganiseer) oorheersend is, en waarby onderlinge konkurrensie uitgeskakel word terwyl bedryfsleiding en kapitaalverskaffing geskei is; hoogkapitalisme; vgl. LAAT- en LAISSEZ-FAIREKAPITALISME. Moderne kapitalisme, derde stadium (na voor- en vroeë kapitalisme) i/d ekonomiese ontwikkeling waarin die kapitalistiese verskynsels oorheersend is en die nie-kapitalistiese kenmerke uitgeskakel is of beperk word tot uitsonderings (dikw. oorblyfsels uit ’n ouer stadium). Die oorgang v/d vroeë n/d moderne kapitalisme is gevorm deur die Industriële Rewolusie. Vroeë kapitalisme, tweede stadium i/d ekonomiese ontwikkeling (na voorkapitalisme en vóór moderne kapitalisme) waarin sekere kenmerke v/d kapitalisme voorkom, maar uitsonderings vorm en nog nie die maatskaplike beeld tipeer nie; vroeëkapitalisme; vgl. VOORKAPITALISME.*

Die volgende semantiese skema kan vir die leksikograaf as hulpmiddel dien om die bestaande definiens te verbeter:

**SKEMA 6: kapitalisme (abstrakte betekenisonderskeiding)**

	<b>A</b>	<b>B</b>
<b>Deskriptiewe betekenis</b>	Maatskaplik-ekonomiese stelsel wat op vryemarkbeginsels gegrond is en deur individue eerder as deur die staat beheer word.	Maatskaplik-ekonomiese stelsel wat op vryemarkbeginsels gegrond is en deur individue eerder as deur die staat beheer word.
	veral gekenmerk deur die uitbuiting van loonarbeiders en die private toeëiening van produksiemiddele deur lede van die besittersklas	veral gekenmerk deur privaatbesit en die vryheid van die individu, met gevolglike vinnige toename in kapitaalrykdom en materiële welvaart
<b>Evaluering</b>	Negatief	Positief
<b>Denotasie</b>	Abstrakte entiteit	Abstrakte entiteit
<b>Groepfokus</b>	Vreemdegroepverwysend	Eiegroepverwysend

Indien hierdie skema met die WAT-definiens vergelyk word, ontstaan die vermoede dat die betrokke redakteur hoofsaaklik ten doel gehad het om ideologiese neutraliteit te handhaaf. Dit wil voorkom asof daar bewustelik gepoog is om slegs die sentrale deskriptiewe betekenis van die leksikale item te verantwoord. Tog neig die definiens na eensydigheid vir sover dit deskriptiewe randwaardes aangaan. Uitdrukings soos "vrye mark", "vinnige toename i/d materiële produksiemiddele", "kapitaalrykdom" en "materiële welvaart" (wat nie gekwalifiseer word ten opsigte van groep nie) dien as bewyse hiervan. Die definiens in sy geheel suggereer eerder 'n positiewe as 'n negatiewe waardeoordeel. Die leksikale item kapitalisme kan op grond van die definiens as redelik sterk eiegroepverwysend deur die gebruiker ervaar word. Ten einde reg te laat geskied aan die ideologiese-polisemiese karakter van die leksikale item kapitalisme sou die variante deskriptiewe randwaardes moontlik as afsonderlik genommerde subonderskeidings / gebruikswaardes aangebied kon word. Die stigmawoord-gebruikswaarde sou moontlik 'n ektiket soos (*neerhalend*) kon kry.

Wat die sitate in die WAT-artikel betref, is daar minder kritiek te lewer: Die ideologiese wanbalans in die artikel word gedeeltelik herstel deurdat die leksikale item kapitalisme in twee sitate duidelik as vaandelwoord uitgebeeld word (vergelyk die uitdrukings "die stryd tussen kapitalisme en sosialisme of kommunisme" en "die triomferende intog v/d kapitalisme"), maar in twee ander

sitate as stigmaswoord (vergelyk onderskeidelik "die vyand van arbeid — die kapitalisme" en "teen kapitalisme as dit vir politieke oogmerke en persoonlike belange misbruik word"). In die lig daarvan dat hierdie lemma bewerk is in 'n tydperk waarin die verheerliking van die Afrikanersentristiese establishment nog hoogty gevier het, kan die insluiting van hierdie sitate as 'n voorbeeld van sensitiwe en verantwoordelike leksikografie beskou word. Die enigste punt van kritiek wat wel teen die sitate ingebring kan word, is dat hulle uit die pen kom van 'n outeur wat met die establishment geassosieer (kan) word.

## 5. Konklusie

Hersiene uitgawes van woordeboeke is dikwels die ongelukkige resultate van suiwer makrostruktuur-gefookuseerde aktiwiteite — pogings om tred te hou met die uitbreiding van 'n taal se woordeskat; en nuwe woordeboeke steun dikwels sterk op tipologies vergelykbare woordeboeke in sustertale soos Nederlands, Engels en Duits. Werklike vernuwing in die Afrikaanse leksikografie vereis egter meer as dit: Eerstens moet daar wat die algemene gees en instelling betref, tred gehou word met veranderende gebruikersbehoeftes wat as gevolg van sosiale veranderinge in die gemeenskap ontstaan het. Suid-Afrika beleef tans 'n tydperk van ingrypende sosiale en politieke veranderinge en daar kan dus nie 'n beter tyd wees om Afrikaanse woordeboeke dienooreenkomstig aan te pas nie. Nuwe en hersiene Afrikaanse woordeboeke kan konkrete getuienis word van verantwoordelike regstellende aksie. Tweedens moet daar — met betrekking tot gemotiveerde beleidstelling of beleidsverandering, asook met die oog op groter sistematiek — tred gehou word met die jongste ontwikkelinge in die taalteorie en die metaleksikografie. Natuurlik moet hierdie teorieë en modelle deurgaans aan werklike taalgebruik getoets word. Taalkundige toetsing vorm hoogstens 'n onderdeel van die omvattende leksikografiese voorarbeid.

## Verwysings

### Aangehaalde werke

- Dieckmann, Walther. 1969. *Sprache in der Politik. Einführung in die Pragmatik und Semantik der politischen Sprache*. Heidelberg.
- Gallie, W.B. 1962. *Essentially Contested Concepts*. Black, M. 1962. *The Importance of Language*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.
- Good, C.H. 1987. Lexicography and Linguistic Theory with Special Reference to German. *Studia Neophilologica* 59: 65-77.
- Greiffenhagen, M. 1980. *Kampf um Wörter? Politische Begriffe im Meinungsstreit*. München.



- Hermanns, F.** 1982. Brisante Wörter: Zur lexicographischen Behandlung parteisprachlicher Wörter und Wendungen in Wörterbüchern der deutschen Gegenwartssprache. Wiegand, H.E. (Red.). 1982. *Studien zur Neuhochdeutschen Lexicographie II*. Germanistische Linguistik 3-6/80: 87-108. Hildesheim: Georg Olms.
- Hughes, G.** 1988. *Words in Time*. Oxford: Basil Blackwell.
- Kress, G. en R. Hodge.** 1979. *Language as Ideology*. Londen: Routledge & Kegan Paul.
- Lakoff, G. en M. Johnson.** 1980. *Metaphors We Live by*. Chicago: University of Chicago Press.
- Lakoff, G.** 1987. *Women, Fire and Dangerous Things*. Chicago: University of Chicago Press.
- Landau, S.I.** 1985. The Expression of Changing Social Values in Dictionaries. *Dictionaries 7*: 261-269.
- Larrain, J.** 1979. *The Concept of Ideology*. Londen: Hutchinson.
- Leatt, J., T. Kneifel en K. Nürnberger.** 1986. *Contending Ideologies in South Africa*. Kaapstad en Johannesburg: David Philip/Grand Rapids/W.B. Eerdmans.
- McCluskey, J.** 1989. Dictionaries and Labeling of Words Offensive to Groups, with Particular Attention to the Second Edition of the OED. *Dictionaries 11*: 111-123.
- Moerdijk, A.M.F.J.** 1990. Metonimie uit een ander vaatje. Moerdijk, A.M.F.J. e.a. (Reds.). 1990. *Traditie en progressie. Handelingen van het 40ste Nederlands Filologencongres*: 111-122. s'Gravenhage: SDU Uitgeverij.
- Murphy, M. Lynne.** 1991. Defining Racial Labels: Problems and Promise in American Dictionaries. *Dictionaries 13*: 43-64.
- Olivier, N.** 1984. Ideologie — Die Taalmanipuleerder. Van der Walt, B.J. (Red.). 1984. *Ideologiese stryd in Suider-Afrika*: 63-68. Potchefstroom: PU vir CHO.
- Pokpas, Larry en Alwyn van Gensen.** 1992. Afrikaans en ideologie in taalbeplanning: 'n stryd van standpunte. Webb, V.N. (Red.). 1992. *Afrikaans ná Apartheid*: 165-178. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Roberge, P.T.** 1990. The Ideological Profile of Afrikaans Historical Linguistics. Joseph, J.E. en T.J. Taylor (Reds.). 1990. *Ideologies of Language*: 131-152. Londen: Routledge.
- Robins, R.H.** 1987. Polysemy and the Lexicographer. Burchfield, Robert W. (Red.). 1987. *Studies in Lexicography*: 52-75. Oxford: Clarendon Press.
- Sands, D.B.** 1980-1981. Engaged lexicography: Comment on an East German Dictionary. *Dictionaries 2-3*: 39-51.
- Schaeder, B.** 1984. Anleitung zur Benutzung einsprachiger neuhochdeutscher Wörterbücher. *Der Deutschunterricht* 36(5): 88.
- Sills, D.L.** (Red.). 1968. *International Encyclopedia of the Social Sciences*. Vol. 7. New York: The MacMillan Company.
- Strauss, Gerhard.** 1982. Aspekte des Sprachauschnitts 'Politik' im einsprachigen Wörterbuch: Politisch-ideologische Ismen — Lexicographisch betrachtet. Mentrup, Wolfgang (Red.). 1982. *Konzepte zur Lexicographie: Studien zur Bedeutungserklärung in einsprachigen Wörterbüchern*. Reihe Germanistische Linguistik 38: 34-64. Tübingen: Max Niemeyer Verlag.
- Strauss, Gerhard.** 1986. *Der politische Wortschatz. Zur Kommunikation und Textsortenspezifik*. Tübingen: Gunther Narr.
- Steyn, J.C.** 1993. Taalideologie en Taalbeleid in die Suid-Afrikaanse Geskiedenis — Oorwegings in die Ampstaaldebate. *Acta Academica Supplementum 1*.
- Todenhagen, C.** 1987. Semantic Infiltration. *American Speech* 62(2): 172-176.

- Webb, V.N.** 1992. *Afrikaans ná Apartheid*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Wiegand, Herbert E.** 1977. Nachdenken über Wörterbücher: Aktuelle Probleme. Drosdowski, Günther, Helmut Henne en Herbert E. Wiegand. 1977. *Nachdenken über Wörterbücher*: 51-102. Mannheim / Wien / Zürich: Bibliographisches Institut.
- Winer, Lise.** 1991. Ethnic Lexis in an English Creole Dictionary. *Dictionaries* 13: 64-73.

## Woordeboeke

- Drosdowski, G.** 1976. *Duden*. Mannheim/Wien/Zürich: Bibliographisches Institut.
- Geerts, G. en H. Heestermans.** 1992<sup>12</sup>. *Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse Taal* (Van Dale GW). Utrecht / Antwerpen: Van Dale Lexicografie.
- Kempcke, G. (Red.).** 1984. *Handwörterbuch der deutschen Gegenwartssprache (HWdG)*. Berlyn: Akademie-Verlag.
- Klappenbach, R. en W. Steinitz (Reds.).** 1961-1967. *Wörterbuch der deutschen Gegenwartssprache (WdG)*. Berlyn: Akademie-Verlag.
- Labuschagne, F.J. en L.C. Eksteen.** 1993<sup>8</sup>. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek (VAW<sup>8</sup>)*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Odendal, F.F. (Red.).** 1985<sup>2</sup>. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)*. Kaapstad: Nasou.
- Schoonees, P.C./Snijman, F.J./Hauptfleisch, D.C./Van Schalkwyk, D.J. (Hoofreds.).** 1950-. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)*. Pretoria: Staatsdrukker / Stellenbosch: Buro van die WAT.
- Simpson, J.A. en C. Weiner.** 1989<sup>2</sup>. *The Oxford English Dictionary (OED)*. Oxford: Clarendon Press.
- Sinclair, J.M.** 1991. *Collins English Dictionary*. Glasgow: Harper-Collins Publishers.
- Wahrig, G.** 1986. *Deutsches Wörterbuch (Wahrig)*. Berlyn: Bertelsmann.